DEEL 117 | WEEK 12 | 20 MAART 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Hinterland sluit deure ná inbraak

Hinterland moes Woensdag, 19 Maart, sy deure sluit vir publiek na daar 'n inbraak plaas gevind het. Die skade van die gesteelde toerusting en elektronika is oor 'n R100 000 gewees.

Volgens Riaan van Eeden, bestuurder van die tak, het die diewe twee keer ingebreek – eers omstreeks 02:00 en toe weer om 03:30. Hulle het onder meer al die monitors en televisies gesteel. Hulle het ook die kluis uitgedra. Die kluis is later buite die stoor, naby die heining, gevind waar dit op 'n trollie gesleep is. Die trollie het egter ingesak in die nat grond en is ongedeerd agter gelaat.

Verder het die verdagtes gereedskap, batterye en Hinterland se betaalpunt gesteel en die kantore geplunder. Baie van die gereedskap is gelukkig terug gevind. Die televisies is uit geruk en elektroniese komponente is verwyder.

Riaan verduidelik dat die vier verdagtes presies geweet het waar hulle moes loop en staan om deur die kameras vermy te word. Die radio is ook onskadelik gestel, en alarms uitgeruk. Gelukkig werk die kamera bo die tellers op ’n ander sisteem en kon die verdagtes op beeld vasgelê word.

Hy noem verder dat daar vier verdagte mans Dinsdag in die winkel rondgeloop het, maar ongelukkig kan die beelde nie hersien word nie, aangesien die hardeskyf saam met ander toerusting gesteel is. Die diewe het toegang verkry deur die agterdeur van die stoor af te skop en ook deur 'n venster in te kom.

Hinterland beskik oor 'n gevorderde sekuriteitstelsel wat deur 'n sentrum in Pretoria gemonitor word. Hulle het FAR Sekuriteit onmiddellik in kennis gestel waar Jan van FAR spoedig op die toneel was. Die reën het egter die reaksietyd vertraag, aangesien spruite oorstroom en alternatiewe roetes gevind moes word. Forensies en die polisie ondersoek tans die voorval verder. Enigiemand met inligting word versoek om hul naaste polisiekantoor te kontak.














# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Wêreld Maatskaplike Werkers dag is een van die belangrikste dae op ‘n maatskaplike werker se kalender, maar tussen deur al die papierwerk en afsnydatums, gaan die dag ook net soos ‘n normale werksdag verby. Vanjaar val hierdie dag op 18 Maart 2025. Om die dag te vier wil ons graag die gemeenskap opvoed oor wat is mites oor maatskaplike werkers.

• **Mite:** Jy kort net ‘n goeie hart om ‘n maatskaplike werker te wees.

Om te kwalifiseer as ‘n maatskaplike werker, moet jy ‘n vier jaar BA graad doen in Maatskaplike werk. Jy is ook gebonde aan ‘n Professionele Raad en het ook etiese gedrag waarin jy moet voldoen.

• **Mite:** ‘n Maatskaplike werker vat net kinders weg.

Dit kan die oorhoofse indruk wees wat iemand het van maatskaplike werkers, maar die werklikheid is dat verwydering of statutêre handelinge die laaste opsie moet wees. Weens die groot nood vir dienste en die te kort aan maatskaplike werkers, lei dat maatskaplike werkers eers bewus word van gevalle wanneer dit te laat is en verwydering die enigste opsie is. Die ideaal is om eers voorkomingsdienste te lewer en sodoende verwydering te vermy.

• **Mite:** Vir elke verwydering of aanneming word Maatskaplike werkers vergoed.

Alhoewel hoë kwalifikasies benodig word om ‘n Maatskaplike werker te word, is die beroep een van die minste betaalde beroep. Meeste Maatskaplike werkers werk vir NGO’s wat skaars genoeg fondse het om hul deure oop te hou. Daar moet ook in ag geneem word dat ‘n Maatskaplike werker volgens die Kinderwet moet handel en dat daar spesifiek ‘n artikel in die Kinderwet is wat deur die hof goed gekeur word, wat ‘n verwydering of aanneming wettig maak.

• **Mite:** Maatskaplike werkers werk net met kinders.

Baie van my kollegas gaan met die mite stry. Maatskaplike werk is ‘n wye veld en daar is verskeie werksmoontlikhede. Van die hospitaal tot Weermag, tot die SAPD kry dienste deur maatskaplike werkers en dan is daar die wat op die welstand van besighede se werkers fokus.

Ons as maatskaplike werkers wil vandag vir julle sê dat ons nie net daar is vir mense wat in moeilikhede is nie. Ons hoof doel is eintlik om iemand te versterk om ‘n beter weergawe van homself of haarself te wees. Om met die lelik van die wêreld te werk is ook nie maklik nie. So as jy ‘n maatskaplike werker ken of te doen het met een, stop en gee ‘n High Five. Gee erkenning aan die maatskaplike werker wat nadat jy weg is uit haar kantoor, ure spandeer om uit te vind hoe om jou te help, en self wakker lê om te dink wat die beste sal wees vir jou.

# UIT DIE PEN:

## Week 12



Belasting. Dis omtrent al waaroor die volkie gepraat het nadat Minister Godogwana probeer het om ’n baie hoër belastingkoers deur die agterdeur in te smokkel. Nodeloos: hy het nie eers die podium in die parlement gehaal nie. Die begrotingsrede is uitgestel.

En tot op hede baklei die RNE onderling oor wie se aanbevelings uiteindelik gevolg is om met die nuwe begroting vorendag te kom. Nee, nee, nee, sê die ANC, hulle sal nooit die aanbevelings vanaf die DA gevolg het nie. En die ander politieke partye is dit eens dat hulle nie ’n verhoging in die BTW-koers steun nie.

Hierdie jaar werk dit ietwat anders: die regering van die dag kan nie net klankeloos aangaan om enige veranderinge aan regering en beleid aan te kondig nie. Hulle moet dit eers met die RNE bespreek, omdat daar ander partye is wat betrokke is.

Terloops, ek hoor sekere hooggeleerde politieke kommentators wat van die “GNU” praat, maar hulle gebruik nie eers daardie afkorting nie. Hulle praat sommer van die “knoe” (volgens hulle is dit die Afrikaanse akroniem, GNU, wat nie eers ’n akroniem is nie). Gnu is ook die term vir swart wildebeeste, maar kom ons verwar nie die regering met feite nie.

Ek wens vandag dat ek meer van belasting geweet het as wat ek tans weet.

Hier is my probleem:

Ek kry elke maand ’n salaris waarop ek belas word. ’n Lekker stywe belasting, as jy my vra.

Ek ry elke oggend tot by die werk. Daarvoor het ek ’n (kleinerige) karretjie, waarop belasting betaal is. Ek betaal ook elke jaar die lisensieskyfie, waarop daar belasting gehef word.

Ek moet elke drie weke of so petrol ingooi. Daar is belastings en heffings ingesluit.

Wanneer my ou karretjie dit nodig het, moet dit versien word. As ek ’n olie- of petrolfilter of battery aankoop, betaal ek belasting.

Wanneer ek vir myself ’n iets koop om te eet of ons kruideniersware aankoop, moet ek op die meeste items belasting betaal.

Ons het maandelikse munisipale belastings om te betaal. Jy betaal as’t ware om die belastings te moet betaal.

Ek moet sekerlik netjies geklee wees wanneer ek kom werk. Elke kledingstuk het ’n stewige bedrag belasting bygevoeg. As ek iets goedkoper by Shein aankoop, is die belasting *naarmakend* baie. Klink my jy spaar 100 sente om ’n volle rand terug te betaal.

Ek probeer om respektabel te lyk wanneer ek gaan werk. Daarom moet ek myself versorg. Sjampoe, opknapper, onderlaag, maskara, oogskadu, haarkapper, alles kry belasting by.

Ek het ’n selfoon waarop ek belasting betaal het toe ek dit aangekoop het. Ek betaal ook belasting wanneer ek my maandelikse rekening daarvoor betaal.

Ons het ’n mediese fonds (dankie tog!), maar moet by sekere dokters die rekening self betaal. Daar is sekerlik ook belasting by.

Saans kyk ons TV. Toe ons dit gekoop het, het ons belasting daarop betaal. Om SABC se snertjies mis te loop het ek ’n skottel met ’n hele reeks kanale. Waarop ek belasting betaal.

En ja, ek het ’n TV lisensie ook. (Een van die min mense wat daarmee kan spog, ek weet.) Dit is ook belasting.

Ek hou so af en toe van iets mooi. Dalk koop ek ’n stukkie juweliersware (of dit eg is of nie), en daarop betaal ek belasting.

Voeg daarby ’n bestuurslisensie en as jy moet, ’n wapenlisensie en jy word weereens belas. Want dit is hoe ons die staatsdiens aan die gang hou.

Ondanks al die bogenoemde belastings, is daar darem ’n paar rand oor om te bêre. Daarop betaal ek belasting wanneer die bankstate aan die einde van die finansiële jaar na oom SARS en sy vennote gestuur word.

Mmm, dit klink na ’n goeie plan om eerder die geld in ’n uittree-annuiteit te belê. Daarop word jy darem nie belas nie. Totdat dit uitbetaal word. Dan slaat oom Taks vir jou met ’n lat op jou *hoesenaam*.

Dan kom die persoonlike belasting ook nog by. Op elke liewe aksie het ons alreeds belasting betaal. Tot aan die einde van jou sente, lyk dit my, moet jy belasting betaal. En as jy nie keer nie, moet jy belasting op belasting betaal.

Dan betaal ons mos dubbele belasting, of nie?

Dis alles goed en wel: die regering kan maar die belastingkoers verhoog na 20%, vir al wat ek omgee. Maar verlaag dan persoonlike belasting. Hier is ’n siekmakende stukkie statistiek: Die 2025 begroting is genoem dat Suid-Afrika 7,9 miljoen geregistreerde inkomstebelastingbetalers het. Hierdie mense befonds 28 miljoen mense se toelaes. En as jy my nie glo nie, gaan lees gou op BusinessTech se werbwerf. Ek het skoon koue rillings gekry.

Ek wens regtig vandag dat ek belasting verstaan het. Ek weet darem wat die verskil is tussen belastingvermyding en belastingvermindering. Nie dat dit my enigsins help nie.

Die feit is: ons werk hard vir ons geld. As daardie geld net aangewend was om die land te verbeter, sou ek meer geglimlag het as ek dit betaal het.

’n Vriend wat in Australië bly vertel dat hy, toe hy sy persoonlike inkomstebelasting betaal het, ’n brief vanaf die regering gekry het waarin hulle presies aangedui het waarvoor sy belasting gebruik word. Honderd rand hiervoor en sestig rand daarvoor. Sewe rand vir dit en twaalf rand vir dat.

Ek sidder om te weet waarvoor dit in SA gebruik gaan word. ’n Paar jaar gelede sou die boodskap seker net gelees het: “Dankie vir jou belasting. Ons gaan dit aan die Guptas oorbetaal.”


# Pragtige sonneblomme op Damplaas



Op die plaas Damplaas, tussen Sasolburg en Heilbron, pronk pragtige sonneblomme—'n bewys van harde werk en toewyding aan die landbou. Hierdie landerye behoort aan JJ van Niekerk, beter bekend as Koos, wie se liefde vir boerdery generasies lank voortleef.

Op die foto straal sy kleindogter, Tanya van Niekerk, tussen die sonneblomme uit. Sy deel haar oupa se passie vir die boerdery en is trots om deel te wees van die familie-erfenis. Die afgelope maande se reënval het 'n groot rol gespeel in die gesonde groei van die oeste. In Januarie is 156mm reën gemeet, in Februarie 208mm, en sover in Maart reeds 66mm. Met sulke toegewyde hande en gunstige weersomstandighede, beloof hierdie seisoen se oes om iets besonders te wees.

# Dawie Naudé word te ruste gelê



*Dawie Naudé is in die ouderdom van 80 jaar oorlede op Sondag 16 Maart 2025.*

Veiling 29 Maart 2025 ten bate van VVA Heilbron te Luytstraat 42 Heilbron **(Langs Heilbron Car Wash)** om 10:00 deur Frik Marais


Breekgoed, tafels, stoele, stoof, vrieskas, kombuiskaste, rakke, lessenaars, houtkaste, houtkratte, wasgoed paal, stofsuier, verwarmers, tuingereedskap, gasstoof, staaltafels, houtwerktoerusting waentjie, rolstoel en vele meer ...



# "Krip tot die Kruis" tref harte

Die afgelope Saterdag het Pitstop, in samewerking met die AGS Jeug, die jeugproduksie 'Van die Krip tot die Kruis' aangebied', wat 'n magtige indruk op die gemeenskap gemaak het. Dié opvoering, wat vir die eerste keer in Desember plaasgevind het, het die harte van almal wat teenwoordig was diep aangeraak. Wat hierdie vertoning besonders maak, is dat die jeug in 'n kort tydjie die produksie bemeester het en op 'n kragtige en emosionele wyse aangebied het. Die sukses van die Desember-vertoning is deur Keith Petzer van Pitstop aangespoor om weer die produksie aan te bied, hierdie keer met die doel om die hele gemeenskap by die ervaring te betrek. Pitstop, bekend vir hul besondere geestelike aanbiedinge, het sonder huiwering die jongspan gekontak en gevra om die produksie weer optevoer die 15de Maart 2025. Saam met die jeug het hulle die NG-Kerk Suid se saal vol gemaak, waar die boodskap van die Heilige Gees duidelik en kragtig aan almal oorgedra is. Soos altyd het Alet en Keith Petzer, saam met die toegewyde Pitstop-span, gesorg dat elkeen na afloop van die vertoning 'n bord kos ontvang het – 'n gebaar van liefde en omgee wat ten volle waardeer is. Dié aand het nie net die betekenis van Christus se lewe, dood en opstanding uitgelig nie, maar het ook gesorg vir 'n gevoel van gemeenskap en samehorigheid. Die sukses van hierdie opvoering is 'n bewys van wat bereik kan word wanneer geloof en toewyding hande vat. Die gemeenskap sien reeds uit na toekomstige aanbiedings van Pitstop en die jeug, wat elke keer opnuut die harte en siele van die mense aanraak.





Rykdom & Reliek

Saterdag 12 April 2025

RIEMLAND MUSEUM

OU MUNTE & NOTE
KUNS
OU BOTTELS
MILITERIA
AFRIKANA

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL

ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# DA launches petition to secure water access for desperate beneficiaries

*• Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality and Sesotho soundbite by David Masoeu MPL*

The Democratic Alliance (DA) is launching a petition in Heilbron to ensure immediate water supply for beneficiaries who received sites last September but whose taps remain dry.

Despite a formal written request by DA councillor Robert Ferendale to the municipal manager, no action has been taken. If the municipality fails to respond, the DA will report the matter to the Human Rights Commission of South Africa (HRCSA).

For months, residents have been forced to relieve themselves in open fields due to the lack of toilet facilities.

The municipality claims that the existing pipes cannot be connected to the main system, leaving residents stranded without proper sanitation.

A single JoJo tank was provided, but it is refilled only on Wednesdays. Shockingly, the tank has not been refilled for the past four weeks, forcing mostly elderly residents to walk nearly a kilometre to fetch water.

This is unacceptable. Access to water is a fundamental human right, yet these residents' rights are being violated.

Unit Manager Mr. Francis Moeketsi admitted, "I have no money to buy new tyres," after municipal tractor tyres were allegedly slashed while attempting to refill the JoJo tank. This highlights the dire state of municipal service delivery and the complete failure to provide for the community's most basic needs.

The DA will not stop fighting until these residents receive a stable and reliable water supply.

We call on all affected residents and concerned citizens to support our petition and ensure that this crisis is resolved without further delay.

*• Robert Ferendale, DA Councillor - Ngwathe Municipality, 064 863 8203*
*• Heidrè Malgas, DA Free State Provincial Media Officer, 065 669 5808*







# Vehicle check point operation: Heilbron

Friday, 14 March 2025 - The Fezile Dabi District Office, Corporate Communications, and various police stations from Fezile Dabi District conducted a successful Vehicle Check Point (VCP) operation at Heilbron on the R57 under the command of Captain Ramatsebe.

The primary objectives of the operation were to search for unlicensed firearms, to identify and confiscate stolen property, to prevent theft of livestock and to ensure the roadworthiness of vehicles.

During the operation, police members engaged with motorists, sharing valuable safety tips and promoting road safety awareness.








## Brandbeskermingsvereniging

Die vier plaaslike Brandverenigings het saamgesmelt om die nuut gestigde **Heilbron Brandvereniging** te vorm.
Die eerste vergadering sal op **10 April 2025 om 14:00 nm** in die **Boeresaal** plaasvind.

Johan Terblanche, voorsitter van Goudveld Brandvereniging sal ook die vergadering bywoon.

Verdere inligting volg later of kontak
**Gerrit Viljoen 082 769 0344**




# Brug in Steilstraat gesluit ná swaar reën

Die brug in Steilstraat naby Kopangan-winkel was Dinsdagoggend gesluit weens die baie reën wat die dorp onlangs ontvang het. Dit het daartoe gelei dat talle mense van alternatiewe roetes moes gebruik maak. Die brug in Heilstraat waar die spruit ook deur beweeg, loop steeds sterk oor die pad.









# Heilbron neem deel aan Wilgie-sportdag

Tydens die onlangse sportdag van Hoërskool Wilgerivier het Rudie Jonker en PL Snyman uitgestaan as manne van die wedstryd in hul onderskeie rugbyspanne se wedstryde. Hul toewyding en vaardighede op die veld het verseker dat hulle hierdie eer ontvang het. Die premier-afdeling van Hoërskool Heilbron het Saterdag aan Wilgerivier se Multigreen-sportdag deelgeneem, waar hulle die geleentheid ten volle benut het. Die dag was vol opwinding, met mini-netbal en rugby wat die ouers op hul tone gehad het. Die gees was so hoog dat sommige ouers amper op die veld was van opgewondenheid. Vir die ouer fases was die atmosfeer net so gelaai. Ouers het hul kinders uit vollebors ondersteun en die spanpoging versterk met aanmoediging vanaf die kantlyn. Hoërskool Heilbron het hulself goed van hul taak gekwyt, en die kinders en ouers het die dag baie geniet. Die sportdag was ‘n suksesvolle geleentheid wat nie net goeie sportmanskap opgelewer het nie, maar ook die gemeenskap bymekaar gebring het.



TYREMART
RIGHT TYRES... RIGHT PRICE

**VACANCY**
**WHEEL ALIGNMENT TECHNICIAN**

**Main Responsibilities:**
- Wheel alignment of all types of vehicles according to company regulations
- Communicate efficiently with clients on vehicle issues
- Use operating equipment safely and efficiently
- Responsible for stock taking and stock control
- Onsite work for customers when needed
- Must be available for standby or work on weekends
- Responsible for assistance during vehicle breakdowns

**Qualifications and Experience:**
- Grade 12 qualification.
- 2-3 Years of experience as a Wheel Alignment Technician within the automotive industry
- Mechanical skills with a high level of hand-eye coordination and reaction speed.
- Valid Driver's License

**Skills and Characteristics:**
- Excellent problem-solving skills and attention to detail
- Strong communication and report writing skills
- Ability to work independently and as part of a team
- Planning/Organizational skills
- Ability to learn and adapt to new processes

Submit your CV to Mr. Phillip De Wet,
tyremart@heilbron.co.za


**Closing date: Thursday, 27 March 2025 at 11h00**

# Ongeluk op die Heilbron-Sasolburg pad, by stop en ry

’n Ongeluk het onlangs plaasgevind op die Heilbron-Sasolburg-pad waar daar tans padwerke aan die gang is. Die voorval het gebeur by die “stop en ry”-punt waar verkeer wisselend toegelaat word om verby die padwerke te beweeg. Volgens berigte het die bestuurder van ’n wit Honda-voertuig teen ‘n hoë spoed by die stop en ry ingejaag en in ’n Toyota Fortuner vasgery wat besig was om ’n sleepwa te trek. As gevolg van die impak het die Honda op sy, sy beland, terwyl die Toyota Fortuner geringe skade opgedoen het. Gelukkig is niemand ernstig beseer nie, en alle betrokkenes is op die toneel deur paramedici ondersoek. Die polisie ondersoek tans die voorval om die presiese oorsaak van die ongeluk te bepaal. Motoriste word gemaan om versigtig te wees wanneer hulle deur padwerke beweeg en om spoedbeperkings streng na te kom om soortgelyke voorvalle in die toekoms te voorkom. Enigiemand wat moontlik verdere inligting oor die ongeluk het, word versoek om die plaaslike polisie te kontak.



**Besigheidsgeleentheid te koop (Hotel)**



Kontak Leonardo
084 944 9271




CVO KLASKAMER 1, HEILBRON
BESIGHEIDSURE:
MAANDAE-VRYDAE 09:00 - 16:00

Suzie's

• VERSTELLINGS & ALTERASIES
• SPESIALE GELEENTHEID UITRUSTINGS
• MAAK VAN SKOOLKLERE
• MAAK VAN OORTREKSELS • HERSTELWERK




## Ds Petrus en Gerda vereer vir 125 bloedskenkings



*Op Saterdag, 15 Maart, is Ds. Petrus Fouché en Gerda Pieterse vereer tydens die SANBS Kroonstad Skenker-toekenningseremonie vir hul merkwaardige bydrae tot bloedskenking. Hulle is onder die skenkers wat die besonderse mylpaal van 125 eenhede bloed bereik het.*
*Die seremonie het erkenning gegee aan toegewyde skenkers wat deur die jare hul deel gedoen het om lewens te red. As waardering het elke skenker ‘n sertifikaat, medalje en ‘n spesiale pen ontvang. Boonop is hulle bederf met ‘n heerlike ete as teken van dankbaarheid vir hul onbaatsugtige diens aan die gemeenskap.*
*Intussen word die volgende bloedskenkgeleentheid in Heilbron gehou op Dinsdag by die NG Kerk Suid-saal, vanaf 13:00. Die gemeenskap word aangemoedig om bloed te skenk—’n eenvoudige daad wat ‘n lewe kan red.*



# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **HATTINGH**
First names: **PIETER SCHALKE**
Estate number: **9163/2024**
Identity/passport number: **540209 5038 082**
Date of death: **16/08/2024**
Last address: **257 District Koppies, Province, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Petronella Kayzer Hattingh (Deceased) Bloemfontein - ES**
Identity/Passport Number:
**530923 0062 085**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 0588522035**
**REFERENCE: B0107/0578**
**DATE SUBMITTED: 2025/03/12**

## BESIGHEIDSURE

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00


Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON




Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National




FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer ST15626/2011** passed by **CATHARINA SUSANNA SMIT, IDENTITY NUMBER: 370123 0041 08 9, UNMARRIED** in favour of **LORRAINE ELIZABETH CRAUSE, IDENTITY NUMBER: 630827 0258 08 1, UNMARRIED,** in respect of A Unit consisting of (a) Section Number 2 as shown and more fully described on Sectional Plan No SS 153/2008 in the scheme known as FRANSA HOF in respect of the land and building or buildings situated at HEILBRON, NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY, of which section the floor area, according to the said sectional plan is 95 (Ninety Five) square metres in extent and
(b) An undivided share in the common property in the scheme apportioned to the said section in accordance with the participation quota as endorsed on the said sectional plan.
**HELD BY Deed of Transfer Number ST 15626/2011,** which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein Information Section 85 Nelson Mandela Dr, Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Randburg on 11 March 2025.
**Applicant, Oak Law Incorporated,**
**Tel: (012) 345 3761 on behalf of Executor - Adriaan Louw Smit**
**Identity Number: 591013 5009 087**
**as nominee of: Stabilitas Eksekuteurskamer (Edms) Beperk,**
**Tel: (011) 886 7195 x 103,**
**Stabilitas Chambers, 3rd Floor, 265 Kent Avenue, Ferndale, Randburg, 2194**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **ELS**
First names: **JUDITH JACOBA**
Estate number: **875/2024**
Identity/passport number: **330704 0025 088**
Date of death: **29/10/2023**
Last address: **The Farm Phinies-Rus**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 21 March 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 0588522035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/03/12**

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 084 968 6078



HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub is trots op hul lede



*Op die foto vl: Edward Muller, Sonja Muller, Tracy Jacobs en Hannalie Claassen.*

Vier lede van die Heilbron Rolbalklub het die afgelope week deelgeneem aan die Bowls SA Perfect Delivery Interdistrikte, waar hulle met trots die Noord-Vrystaat (NFS) verteenwoordig het. Hannalie Claassen, Sonja Muller en Tracy Jacobs het in die ope afdeling meegeding in Johannesburg, terwyl Edward Muller in die B-afdeling in Oos-Londen deelgeneem het. Hierdie gesogte toernooi bring van die beste rolbalspelers in die land bymekaar en bied spelers die geleentheid om hul vaardighede op 'n hoë vlak te toets.

Die Heilbron Rolbalklub is trots op sy lede se deelname en sien uit na hul toekomstige prestasies op die rolbalbaan.







WESDAN
Louise HBG STOET

**VAKANTE BETREKKING**

**Onderdele, Voorraadbeheer en Kontrolebestuurder**

Minimum vereistes: Matrieksertifikaat; Rekenaargeletterd; Geldige bestuurslisensie; Goeie kommunikasievaardighede; Goeie menseverhoudings; Selfdissipline en organisasie; Vorige onderving sal voordelig wees.

**Posbeskrywing en Verantwoordelikhede:**

- Die beheer van die algemene admin wat gepaard gaan met die pos.
- Voorraadbeheer van die saad, chemikalieë en kunsmis op al die plase.
- Voorraadbeheer van alle onderdele, gereedskap en toerusting op die plaas.
- Bestellings,kwotasies en verkryging van onderdele en toerusting.
- Beheer van die dieselvoorraad en bestellings.
- Die byhou van inventarisse van die gereedskap.
- Die skoonhou en netheid van die werkswinkel, store en terrein.
- Die instandhouding van die wasplek, toerusting en skoonmaakmiddels.
- Vervoer van arbeid tussen plaas en dorp

Sluitingsdatum: 31 Maart 2025
Aanvangsdatum so spoedig moontlik
Alle CV's kan gestuur word na hbhl@cartone.net







Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Hendie 071 175 9807.










BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 24 MAART 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 25 MAART 2025**
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
MAGUDU veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

**WOENSDAG - 26 MAART 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 27 MAART 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

**VRYDAG - 28 MAART 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za